16/02/25

Maar Moses het vir die Here gesê: Asseblief, my Heer! Ek is nie 'n man van woorde nie, nie in die verlede nie, en ook nie vandat U met u dienskneg gepraat het nie; want ek is swaar van mond en swaar van tong. ” 11 Daarop sê die Here vir hom: Wie het 'n mond vir die mens beskik, en wie maak stom of doof, siende of blind? Is dit nie Ek, die Here, nie? 12 Gaan dan nou! Ek sal met jou mond wees en jou leer wat jy moet sê.”

Eksodus 4:10-12

Elke mens het waarde. Maar die werklike waarde van ’n mens word ontsluit tot volle potensiaal wanneer ons ons lewens oorgee in die hande van God.

Ook maar net…

Die woordjie “maar” ken elke mens maar al te goed. Ons is immers ook maar net mens. In s’ ón geval is dit ’n bywoord wat die enkel alleenheid van iets beklemtoon. Jy het maar een kans. Jy is maar net ’n kind.

Die meeste kere gebruik ons dit as ’n voegwoord om by ’n teenstellende sinsverband twee sinsdele te verbind. My gunsteling kom van ’n slagspreuk uit my landsdiensdae af. In die saaltjie by die Okkie Jooste kampterrein het die woorde, uitgesnee in hout, bo die verhoog gehang en ’n groot indruk op my gemaak: *Facta Non Verba*.

Nie woorde nie, maar dade.

Jesus het gereeld dié woordjie só gebruik.

Julle het ore, maar julle hoor nie.
Julle het oë, maar julle sien nie.
Ons vriend Laserus slaap, maar Ek gaan hom wakker maak.

Ons gebruik die woordjie ook as ’n selfstandinge naamwoord vir wanneer iemand alewig dit as ’n voegwoord gebruik vir ’n sydelingse teenwerping, soos byvoorbeeld: **“Maar as die Israeliete my nie glo nie?”**. In hierdie geval kom Moses met ’n maar na die Here toe. En dit wil-wil lyk asof die Here se geduld met sy mare opraak.

Maar dan kry die verhaal ’n verrassende wending.

Maar voordat ons daar kan uitkom, moet ons eers luister na Moses se mare. Want sy besware is so eie aan ons almal se traagheid om ons krukke neer te gooi en die slange aan hul sterte op te tel.

Om uit plek uit te voel

Die laaste wat ons van Moses gehoor het, was dat hy sy seun die naam Gersom gegee het. Want hy wat Moses is, het gevoel soos ʼn uitlander, ʼn inkommer, ʼn balling, ʼn vreemdeling en ʼn asielsoeker.

Hy was immers ʼn vlugteling met ʼn verlede wat hom aanhoudend agtervolg het.

Maar vlieg jy saam met die kraai 350km terug in Moses se verlede in, sou jy die winde van verandering sien waai het in Egipte. Die koning van wie hy gevlug het is dood. Die gesug van sy mense het in gebede verander. God het hulle gehoor. Hy het hulle raakgesien. En van hulle kennis geneem.

Toe steek God ʼn vlam van hoop aan wat soos ʼn veldbrand deur Moses se vreemdelingsbestaan versprei het. Die een oomblik was hy nog besig met sy skoonpa se skape en die volgende oomblik staan hy kaalvoet voor die God van sy voorvaders. Dié doringbos-ontmoeting tussen God en Moses het oor millennia die mees bekende metafoor geword vir oomblikke van heilige verheldering en bekering.

Dis egter die interaksie wat agterna volg, wat die storie laat tuiskom in ons almal se lewensverhaal. Want terwyl die kole van sy kairos-oomblik nog warm gegloei het, het sy twyfelagtige verlede koue water gegooi op dié heilige vuur. Dít en sy stotterende selfbeeld. En daarmee kan ons almal vereenselwig.

Die fout lê by hulle.
Op God se opdrag antwoord Moses met ʼn “sê nou maar”.

Sê nou *maar* hulle sal hom nie glo nie en *dalk* sal hulle nie na hom luister nie.

Hy sê dit asof die probleem by hulle lê.

Waarop God dan vra: Wat het jy daar in jou hand?

ʼn Staf, antwoord Moses.

Maar net ʼn kierie.
In Moses se hand het die staf ʼn bepaalde betekenis. Dit is nie iets wat hy van Egipte af met saamgebring het nie. Om die waarheid te sê, dit is daaglikse herinnering van hoe ver Egipte in sy verlede lê. Ver van die luuksheid van die paleis en die voorregte wat hy as prins geniet het, leef hy nou as skaapwagter in die wildernis.

Hy sou tereg kon dink dat die staf juis dit is wat hom diskwalifiseer. Hoekom sal hulle na hom luister. Al wat hy het is ʼn staf waarmee hy skape aankeer en wilde diere verwilder. G’n Farao gaan hom deur ʼn skaapwagter met ʼn kierie laat intimideer nie en geen Israeliet gaan ʼn herder vir ʼn held aansien nie.

Handvaardig
Maar die staf getuig ook van die groei wat in hom plaasgevind het sedert hy uit Egipte moes vlug. Dit is immers wat die wildernis aan jou doen. Dit stroop jou van jou ego en brei jou tot bruikbaarheid.

Moses weet dit nog nie, maar wie beter om God se kudde in die wildernis in te lei na die beloofde land as hy wat oor jare geleer het hoe om te oorleef in die uitmergelende en ongenaakbare woestyngebied tussen die Rietsee en die land van melk en heuning.

Vryhandig
Maar dan gee God die opdrag: Gooi dit neer. Want wat ookal in jou hand is, maak nie saak hoe bruikbaar of behulpsaam dit is nie, of hoe goed jy daarmee is nie, die uitnodiging is om dit in God se hande te plaas. In jou eie hande is dit nie meer of

minder as wat dit veronderstel is om te wees nie. Maar in die hande van God word water wyn, ’n paar vissies en broodjies word manna vir die mense, tollenaars word teoloë en vissermanne, prostitute, selote, ontmandes, rowers, weduwees en weeskinders word die liggaam van Christus.

Maar jy moet eers laat los voordat jy die skikwekkende werk van God kan aanskou.

En maak jouself reg vir skrik. Want in die woorde van CS Lewis deur die mond van Mnr Bewer uit die Chronicals of Narnia:

Safe? Who said anything about safe? Course he isn t safe. But he s good. He s the King.”

Om dit wat jy in jou hand vashou, veral as die kierie oor jare ’n kruk geword het, oor te gee aan die Koning van die Andersom-Koninkryk, is ’n skrikwekkende gedagte.

Mits jy glo dat Hy goed is.

En dit is waar Moses se geloof nog skaafwerk benodig het. Ten spyte van al die skietgoed wat God vir Moses gegee het om die Farao te oortuig om die Israeliete te laat gaan, kon Moses nie oor sy eie twyfelende self kom nie. Eers kruip hy weg agter sy verlede, toe agter die Isrealiete se idee van ’n leier en toe agter sy spraakgebrek. En niks wat God sê kry hom om God alleen te vertrou nie.

En dit bring ons dan by die verrassende wending in die verhaal en terug by verlede week se vraag, maar met ’n klemverskuiwing:

Hierdie week se verhaal neem ons van “***Waar is jou broer?”*** *na “**Daar is jou broer!”***

Raadop oor Moses se gebrek aan vertroue (in homself en in God), draai God dan in die rigting van sy broer Aäron. Dié beskik oor al die kwaliteite waarin Moses voel hy te kort skiet.

Soms is dit wat God van ons vra te groot om alleen te dra. Om dan te vra vir hulp is eg menslik. En om met blydskap hand by te sit, is om ’n broer te wees.

Vir dieper nadenke

- *Die veelvoud van simboliek in die woordjie “hand” in antieke konteks van die Bybel help ons met hierdie 3e vraag in ons sewe week reis. Hand kan verwys na outoriteit en gesag, na werk, dade en arbeid, seën en leiding, reg en geregtigheid, verbond en beloftes, medemenslikheid en weerloosheid, gebed en oorgawe, voorsienigheid en gasvryheid.*

- *Die Hebreeuse woord vir staf is ook die woord vir stam (Engels: Tribe). Op die ou einde moes Moses leer om te leun, nie op sy wonderbaarlike kierie nie, maar op die mense wat die wildernispad saam met hom stap.*

Our deepest fear is not that we are inadequate. Our deepest fear is that we are powerful beyond measure”

-

Marianne Williamson

Vrede en lig.
(FR)